**21 DESEMBER 2025**

**REEKS: HY WORD GENOEM**

**TEMA: STERKE GOD**

## WAT IS JOU PRENTJIE VAN GOD?

- Ons kan kies wat ons wil sien en beleef van God.

“Want 'n Kind is vir ons gebore, 'n Seun is aan ons gegee; en die heerskappy is op sy skouer, en Hy word genoem: Wonderbaar, Raadsman, Sterke God, Ewige Vader, Vredevors.”
***Jesaja 9:5 (AFR53)***

- Wat is jou prentjie van God as ‘n STERKE God?

## JESUS BEWYS SY STERKTE IN SY SWAKHEID

## HOE KAN JY DIE PRENTJIE VAN JESUS AS STERKE GOD IN JOU LEWE ERVAAR?

- Erken jou swakheid.

“Hy het egter vir my gesê: “My genade is genoeg vir jou, want my krag kom juis in swakheid tot volle verwesenliking.” Daarom sal ek baie liewer oor my swakhede spog sodat die krag van Christus voortdurend deur my kan werk. Ek is dus tevrede met my swakhede, beledigings, ontberings, vervolgings en benoudhede ter wille van Christus, want wanneer ek swak is, juis dán is ek sterk.””
***2 Korintiërs 12:9 (NLV)***

- Vra vir die krag van God.

“Ek bid dat Hy deur sy Gees uit die rykdom van sy heerlikheid aan julle die krag sal gee om innerlik sterk te word.”
***Efesiërs 3:16 (AFR83)***

- Vertrou

"Ek bid dat Hy julle geestesoë so verhelder dat julle kan weet watter hoop sy roeping inhou, en watter rykdom daar is in die heerlike erfenis wat Hy vir die gelowiges bestem het, en hoe geweldig groot sy krag is wat Hy uitoefen in ons wat glo. Dit is dieselfde kragtige werking van sy mag wat Hy uitgeoefen het toe Hy Christus uit die dood opgewek en Hom in die hemel aan sy regterhand laat sit het."
**Efesiërs 1:18-20 (AFR83)**

**JESUS BLY DIE STERKE GOD – Is dit jou prentjie ook?**